# Wes-Boland Eisteddfod

## DANS

**ALGEMENE REËLS**

1. Kostuums, haarstyle, grimering en skoene moet by die dans pas. Ballet Solo’s mag net in ‘n leotard met die opsie van ‘n sijffon / katoen romp gedoen word. Seniors 15-16 / 17-19 Solo’s sal toegelaat word om Tutu’s te dra indien hul ‘n “pointe” solo doen of gepaste klassieke solo sonder “pointes”.
2. MUSIEK: Musiek moet voor die aanvang van die sessie by die klankkamer agter in die skoolsaal van Laerskool Swartland afgegee word. Die musiek moet op ‘n “memory stick” wees. Merk asseblief alle snitte op die “memory stick” duidelik met die naam van die danser, naam van die dans en die kategorie van die dans. Bv. 1. Susan Smith, Cinderella, Ballet solo 9-10. Alle snitte moet volgens die presiese lengte van die dans gesny wees. Indien die musiek moet uitfaseer (“fade”) aan die einde, moet dit so opgeneem word. Dit is nie die musiekspeler se verantwoordelikheid om snitte uit te faseer (“fade”) nie. Geen selfone met musiek op sal toegelaat word nie. Hierdie reëls is baie belangrik vir die suksesvolle vloei van die program op die dag. Dit is u eie verantwoordelikheid om die “memory sticks” aan die einde van die sessie weer in die klankkamer af te gaan haal – geen verantwoordelikheid sal daarvoor geneem word indien dit nie afgehaal word nie.
3. Dansers moet 30-minute voor die aanvang van die kategorie waarin hy/sy ingeskryf is, gereed wees.
4. Geen sillabus of voorgeskrewe eksamendanse sal toegelaat word nie. Choreografie moet die onderwyser/es se eie werk wees. Voorgeskrewe danse is onderhewig aan kopiereg en mag nie gebruik word nie.
5. Die onderwyser/es is verantwoordelik om seker te maak dat die danser by die verhoog deur is aan die begin van die kategorie.
6. ’n Danser mag in ‘n hoër ouderdomsgroep deelneem maar nie in ’n laer ouderdomsgroep nie as sy/haar werklike ouderdom.
7. Die deelnemer se ouderdom sal wees soos op 1 Januarie van die betrokke jaar van deelname.
8. **LET OP NA ELKE KATEGORIE SE TYDSGRENS. Musiek sal gestop word wanneer die tydgrens bereik word (met ‘n grasie van 15 sekondes na die aangeduide tyd) en deelnemers sal nie toegelaat word om hul item te voltooi nie.**
9. Navrae kan gerig word aan Adele Immelman (082 899 7071).

**OUDERDOMSGROEPE (ALLE KATEGORIEË)**

‘n Deelnemer se ouderdom sal wees soos op 1 Januarie van die betrokke jaar.

| | |
|---|---|
| 5-6 (Gr R / Gr 1) | 5 jaar word 6 en 6 jaar word 7 |
| 7-8 (Gr 2 / Gr 3) | 7 jaar word 8 en 8 jaar word 9 |
| 9-10 (Gr 4 / Gr 5) | 9 jaar word 10 en 10 jaar word 11 |
| 11-12 (Gr 6 / Gr 7) | 11 jaar word 12 en 12 jaar word 13 |
| 13-14 (Gr 8 / Gr 9) | 13jaar word 14 en 14 jaar word 15 |
| 15-16 (Gr 10 / Gr 11) | 15 jaar word 16 en 16 jaar word 17 |
| 17-18 (Gr 12) | 17 jaar word 18 en 18 jaar word 19 |

**TYDSDUUR EN INSKRYWINGSFOOIE (ALLE KATEGORIEË)**

NB: ’n Maksimum van 15 Sekondes oor die tydsgrens sal toegelaat word. p.d = per danser, p.g = per groep

| | | | |
|---|---|---|---|
| SOLO | Alle ouderdomsgroepe | MAKS 2 MINUTE | R45 |
| DUET | Alle ouderdomsgroepe | MAKS 3 MINUTE | R90 |
| TRIO | Alle ouderdomsgroepe | MAKS 3 MINUTE | R135 |
| KLEIN GROEP | Alle ouderdomsgroepe: 4-10 dansers | MAKS 4 MINUTE | R45 / DANSER |
| GROOT GROEP | Alle ouderdomsgroepe: 11+ dansers | MAKS 5 MINUTE | R425 |

NB.: Elke deelnemer ontvang ‘n sertifikaat vir groepe tot en met 10 dansers.
’n Addisionele R25,00 per danser moet betaal word indien groepe groter as 10 elkeen hul eie sertifikaat wil ontvang.

**KATEGORIE-KODES EN DEFINISIES**

**BALLET:**

Sluit in Sub-kategorieë: Klassieke Ballet, “Demi Character”, Character

Ballet Solo’s mag net in ‘n leotard met die opsie van ‘n sijffon / katoen romp gedoen word. Seniors 15-16 / 17-19 Solo’s sal toegelaat word om Tutu’s te dra indien hul ‘n “pointe” solo doen of gepaste klassieke solo sonder “pointes”

BS – BALLET SOLO

BD – BALLET DUET

BT – BALLET TRIO

BSG – BALLET KLEIN GROEP

BBG – BALLET GROOT GROEP

**MODERNE DANSE:**

Sluit in Sub-Kategorieë: “Straight”, Jazz en kreatiewe danse wat in die skool leerplan voorkom. Merk asb duidelik op inskrywingsvorm. Bv: MS – kreatiwe dans (i.e. modern solo – kreatiewe dans) of MD – Jazz (i.e.modern duet – jazz)

MS – MODERN SOLO
MD – MODERN DUET
MT – MODERN TRIO
MSG – MODERN KLEIN GROEP
MBG – MODERN GROOT GROEP

**KONTEMPORÊR:**

Kontemporêr moet Martha Graham, Alvin Ailey, Merce Cunningham and Lester Horton tegnieke insluit soos, bv. “Contraction and release, fall and recovery from floor, T-lines, stag positions, coccyx balance, lateral stretches, primitive squats, release swings, leg swings and deep lunges”, etc.

CS – KONTEMPORÊR SOLO
CD – KONTEMPORÊR DUET
CT – KONTEMPORÊR TRIO
CSG – KONTEMPORÊR KLEIN GROEP
CBG – KONTEMPORÊR GROOT GROEP

**HIP HOP:**

Alle style bv.” pop n lock, Bboy, crumping”,etc asook Amapiano.

HHS – HIP HOP SOLO
HHD – HIP HOP DUET
HHT – HIP HOP TRIO
HHSG – HIP HOP KLEIN GROEP
HHBG – HIP HOP GROOT GROEP

**TAP (KLOPDANSE)**

’n Dans wat uitgevoer word met skoene wat met metaalplaatjies toegerus is, gekenmerk deur ritmiese tikbewegings van die tone en hake.

TS – TAP SOLO
TD – TAP DUET
TT – TAP TRIO
TSG – TAP KLEIN GROEP
TBG – TAP GROOT GROEP

**NASIONALE DANSE:**

Sub-Kategorieë sluit in: Enige Nasionale en Volksdanse asook Spaans, Grieks, Ierse en Afrika danse

NS- NASIONALE SOLO
ND – NASIONALE DUET
NT – NASIONALE TRIO
NSG – NASIONALE KLEIN GROEP
NBG – NASIONALE GROOT GROEP

**OPE DANS AFDELING: (ANDER DANS VORME)**

Die afdeling sal beoordeel word op algehele uitvoering, danstegniek en, na die beste kennis en vermoë van die beoordelaar, indien hulle nie self gekwalifiseerde instrukteurs in enige van hierdie dansvorme is nie.

n Volledige lys van items wat aandui aan watter kategorieë studente deelneem, moet ná die sluitingsdatum per e-pos aan die sameroepster, Mev. Immelman, gestuur word (adeleballetschool@gmail.com).

**Sub- Kategorieë sluit in:**

- Lofdans (ook bekend as liturgiese dans of aanbiddingsdans).
- Ballroom (Waltz, Foxtrot, Quickstep, Tango, Viennese Waltz)
- Latin (Cha Cha, Samba, Jive/Swing, Paso Doble, Salsa, Mambo, Rumba)
- Musiekteater (‘n Vorm van teateropvoering wat liedjies, gesproke dialog, toneelspel en dans kombineer.)
- Akro Danse (‘n Kombinasie van akrobatiese en gimnastiese vaardighede met gechoreografeerde dansbewings) ***Dansers mag nie truuks/elemente uitvoer waarvoor hulle nie volledig opgelei is nie, of truuks/elemente wat bo hul vlak/vaardigheid is nie. Wes- Boland Eisteddfod sal nie verantwoordelik gehou word vir enige beserings tydens optrede nie.***

OS – OPE DANS SOLO
OD – OPE DANS DUET
OT - OPE DANS TRIO
OSG – OPE DANS KLEIN GROEP
OBG – OPE DANS GROOT GROEP

**JONG CHOREOGRAWE**

Hier is ’n geleentheid om jou choreografiese talent te wys: jou keuse van musiek, kostuums en choreografie. Dit mag enige dans-styl van jou passie wees.

NB: DIE CHOREOGRAFIE MOET DIE DANSER SE EIE WERK WEES. INDIEN DIT AAN DIE LIG KOM DAT ’N ONDERWYSER/ES GEHELP HET DAARMEE, SAL DIE ITEM GEDISKWALIFISEER WORD.

Neem kennis van die musiek tydgleuf aangesien dit verskil van die ander afdelings.

Slegs leerlinge 12 jaar en ouer.

YCS – Solo – 1 min 30 sekondes

YCD – Duet – 1 min 30 sekondes

YCT – Trio – 2 minute

YCSG – Klein Groep – 2 minute

YCBG – Groot Groep – 2 minute 30 sekondes

**PRYSWENNERS KATEGORIEË:**

Om in aanmerking te kom as ’n pryswenner, moet ’n leerling ’n Cum Laude (90+) vir hul item behaal. Slegs items in kategorieë met meer as twee deelnemende leerlinge sal in aanmerking kom vir ’n kategorieprys indien ’n Cum Laude-toekenning toegeken word.

Ballet / Moderne Danse / Hip Hop / Kontemporêre Danse / Nasionale danse / Tap

Junior en Senior Solo
Junior en Senior Duet
Junior en Senior Trio
Junior en Senior Groep
Vir die ope-afdeling sal slegs die beste item as die algehele pryswenner aangewys word indien ’n Cum Laude behaal word.